rooi rose, Oktober 2007
Titel: Sy is nog sy

Vir luisteraars van ligte Afrikaanse musiek is die naam Laurika Rauch sinoniem met gehalte. En nou is daar weer iets heerlik nuuts vir hulle om na uit te sien, vertel Corlia Fourie

Laurika Rauch is ‘n ikon in haar eie leeftyd. So bekend en bekroon soos die meeste Afrikaanse sangers maar net van kan droom. En nou is daar ‘n opwindende nuwe CD. Die eerste in drie jaar.
Nostalgie en verlange is kenmerkend van haar musiek. En die nuwe CD :’n Lekker Verlang Liedjie volg dan ook die wenresep. Maar daar is beslis ook ‘n ietsie anders, ‘n nog meer volwasse aanslag en opvallende kitaarmusiek.
Laurika praat passievol oor haar musiek. Hoe ouer sy word, sê sy, hoe versigtiger kies sy haar liedjies, want sy voel dat haar luisteraars liedjies wat verband hou met waar sy nou in die lewe is weerspieël, verwag . Dis haar eerste album in drie jaar. In 2004 het sy die gewilde *My Ou tante Koba* uitgereik. En sy glo in ‘n vars aanslag. “Die soektog is elke keer om liedjies te vind wat nuut klink .”
Laurika kon die nag voor ons afspraak nie slaap nie.(Niks met die afspraak te doen nie**!**.) Sy het toe in die middel van die nag opgestaan en sommer `n bietjie gewerk en op die manier verslaap . Maar sy is gereed met die koffie en beskuit in haar heerlike groephuis in ‘n boomryke voorstad van Pretoria.
Ons sit aan die kop van haar lang eetkamertafel sodat ek makliker kan skryf, eerder as in haar sitkamer wat oopplan met die eetkamer verbind is. Alles lyk huislik, terselfdertyd vars en skoon soos haar musiek. Die teepot het ‘n mus op, met ‘n fyn kruissteekpatroon deur haar ma gemaak. Ons praat daaroor dat alle handgemaakte artikels vir die huis nou weer hoogmode is. Laurika sê dat selfs as “clutter” nou weer inkom, sy verkies om met minder goed klaar te kom.
Sy is amper te bang om vir my van die liedjies op haar nuwe album te speel omdat dit nog “rof”is. Wat sy daarmee bedoel is dat die orkesmusiek nog nie ingesny is nie. Mense in die bedryf verstaan dit, maar hoe sal ek reageer op rowwe snitte?
Dan besluit sy tog om dit te speel.
Sy hoef nie bang te gewees het nie. Die musiek is betowerend. Die eerste liedjie wat sy speel, is ‘n ballade deur Emile Minnie geskryf en Laurika se gevoelvolle stem pas daarby soos roomys by vrugteslaai.
Daarna luister ons na nog twee pragtige liedjies. Laurika sê dat ek die eerste mens buiten die gesin is wat na die liedjies luister. (Iets om oor te vertel!) Die wonderlike vermoë wat sy het om emosionele inhoud aan elke liedjie te gee, is een van die grootste redes vir die luisterplesier.
“Het haar dramastudies haar gehelp om so gevoelvol te kan sing?”
Haar gesig verhelder. “Ja, dit het. Ek het destyds drama aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer en het ‘n formidabele lektor gehad. Rina Botha het, voor sy lektrise geword het, by die NTO gewerk en saam met André Huguenet getoer. Sy het vreeslik dramaties aangetrek, gedrapeerde sjiffondoeke gedra, en alles baie dramaties gedoen. Sy het gesê: ‘Projekteer jou teks op die silwerdoek’ en dan beduie waar die rolprentskerm moet wees. In ons eerste jaar het ons twee-twee saam klas by haar gehad en vanaf ons tweedejaar individuele klasse van ‘n uur elk. Dan het ons twee jaar aan een enkele gedig gewerk. Ek het Watermeyer se *Die hings* tot in die fynste besonderhede gedissekteer en voorgedra. By Rina het ek werklik geleer hoe om

teksontleding te doen. En dis Rina se tuïsie wat ek nou nog gebruik om die woorde van ‘n liedjie in te studeer.
Laurika wat haar hele kindertyd en haar studentejare in die Kaap deurgebring het, het in 1974 opgevlieg Johannesburg toe vir ‘n oudisie vir Des en Dawn Lindberg se Pippin. Sy het nie die rol gekry nie omdat dit ‘n dansrol is en sy wel bewegingsleer in drama gedoen het, maar nie genoeg om ‘n professionele danser te kan wees nie.Om ‘n lang storie kort te sny, het sy so baie van Gauteng gehou dat sy besluit het om haar hier te vestig. En alhoewel Laurika nog steeds baie lief is vir die Kaap, is sy dol op Gauteng. As sy van ‘n vliegtuig afklim en diesel ruik op die lughawe, is dit vir haar soos vertroosting, sê Laurika, want dan weet sy sy is terug in Gauteng.
“Toe ek in die sewentigerjare by die destydse TRUK Speelwerk gewerk het, het die Afrikaanse lied soos ons hom vandag ken, eintlik nog nie bestaan nie. Die enigste ster van die Afrikaanse lied daardie tyd was Sonja Heroldt.”

Na die sukses van „Musiek en Liriek“ op televisie, het Rosa Keet en Merwede van der Merwe aande by die Laagerteater gereël. Laurika, Coenie de Villiers (toe nog in die weermag), Anton Goosen, Annali van Rooyen, Louis van Rensburg, Clarabelle van Niekerk en Jannie du Toit het ondermeer in Die Laager van die Markteater opgetree. Dit was baie gewilde programme waar die gehoor ‘n glasie wyn kon geniet terwyl hulle geluister het. Dit was`n baie lewendige begin van Afrikaanse musiek soos ons dit vandag ken,” sê sy.

Laurika het Chris Barnard en Katinka Heyns in 1976 leer ken. Toe hulle een aand by ‘n restaurant in Greenside waar sy deeltyds as ‘n kelnerin by ‘n restaurant gewerk het vir haar sê: “Jy behoort te sing, nie vir ons te bedien nie ” Het hulle haar al tevore hoor sing. Later was Laurika die “spook”sanger vir Jana Cilliers se kabaret arties-karakter op Kantinka se TV- reeks *Phoenix and Kie*. Dit was ook vir hierdie reeks dat sy vir die eerste keer Koos du Plessis se Kinders van die wind gesing het. Die liedjie was dadelik ‘n treffer. Dit was vir vyf weke nommer een op Radio 5 Hit Parade en vir elf weke op Springbok Radio se treffersparade. Laurika was meteens ‘n huishoudelike naam.

Toe *Kinders van die Wind* `n treffer geword het, was sy nog onderwyseres in Johannesburg. Anton Goosen het haar gevra om in sy voorprogramme op te tree, want hy het natuurlik die treffer „Kruidjie Roer my nie“ gehad. Sy het eers net aansoek gedoen vir onbetaalde verlof by die skool waar sy toe was, sodat sy saam met Anton kon toer, maar na die eerste toer het sy besef dat die aanvraag vir haar sang te groot geword en sy nie meer beide die skoolhouery en `n sangloopbaan saam sou kon behartig nie. Sy moes kies en het besluit op `n voltydse sangloopbaan. Dit was 27jaar gelede.

“Maar dis natuurlik nie in 1979 dat alles begin het nie,” sê sy. “My ma sê dat ek kon sing voor ek kon praat.”
En in Pinelands in die Kaap waar sy grootgeword het, het Laurika baie geleentheid gehad om haar musieklus uit te leef. Sy het klavierlesse by Sonia Whiteman geneem. En elke kwartaal was daar ‘n musiekaand. Ook het sy in oom Hannes Uys se Kindersangkring gesing. By oom Hannes Uys het sy baie geleer, sê Laurika. Die koor het ook gereeld in die Rondebosch NG Kerk opgetree. Sy sê dit nie, maar ek onthou dat ek al uit verskeie oorde gehoor het dat mense van oral in die Kaap spesiaal na die Rondebosch kerk toe is om na Hannes se kinderkoor te luister.

Haar pa, Fritz Rauch, was een van die eerste leerlinge van die Hoërskool Jan van Riebeeck in die Kaap. Dié skool is al in 1927 gestig, dit wil sê tagtig jaar gelede.
Sy wou graag in sy voetspore volg en het daarom ook soontoe gegaan.
Is daar iets wat sy as veelbekroonde sanger nog graag sal wil bereik?
“Vir my gaan dit nie om toekennings nie. Dis soete toeval, maar nie iets waarvoor jy werk nie. Ek sing omdat ek geboei word deur die liedjie, deur die hele proses. Ek het min beplan aan die hele pad wat ek geloop het. Ek dink dis eerder alles vir my beplan deur ‘n Hoër Hand. Die meeste goed het sommer net na my kant toe gekom. Iets gebeur en ek reageer daarop, wat weer ‘n hele kettingreaksie tot gevolg het.”
Het sy nog nooit lus gevoel om haar eie liedjies te skryf nie?
Laurika glimlag geamuseerd. “Ek het een keer probeer, maar niemand, nie eens my man en kinders, het gesê dis oulik nie!. Nou los ek dit maar vir die mense wat kán.”
Soos haar man, die liedjieskrywer Christopher Torr, wat heelwat van haar trefferliedjies soos *Stuur groete aan Mannetjies Roux* en *Op Blouberg se strand* geskryf het. Ook liedjies van uitstekende liedjieskrywers soos Koos du Plessis (Kinders van die Wind), Lucas Maree (Victoriabaai) en Koos Kombuis (Lisa se klavier). Sy het ook sukses behaal met Engelse liedjies soos *Lord of the Dance* en *Song of the old Lovers*.

Hoe voel sy oor die ontploffing van nuwe stemme in die Afrikaanse musiekbedryf?
“Ek het een keer op die verhoog ook André Swiegers se bekende grappie oor die aangeleentheid vertel en dit was ‘n wenner: Ek het hom in een van sy vertonings grappenderwys hoor sê: ‘Dis statisties bewys dat net 5 persent van Afrikaners nog nie ‘n CD gemaak het nie.’ Maar alle grappies op ‘n stokkie: Ko’ laat ons sing. Die publiek sal wel die koring van die kaf skei en as jy ‘n buitengewone talent het, sal dit nog steeds maklik wees om uit te styg.”
Die vrou wat heelwaarskynlik heel bo aan die leer van ligte Afrikaanse sangtalent is, loop saam met my buitentoe. Sukses het haar beslis nie bederf nie. Sy het meer volwasse geword, ryper met die jare. En haar musiek beleë soos goeie rooiwyn. Maar deur dit alles het haar kern dieselfde gebly: Sy is nog sy.